# LAERSKOOL MIKRO

*… waar kind nog kind kan wees …*

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

9/2022

15 Maart 2022

Geagte Ouers

## 1. UIT DIE KANTOOR

Dit het 'n rukkie geneem om ons leerders weer aan ons saalbyeenkomste gewoond te maak, veral die Grondslagfaseleerders wat weens Covid nog nie daaraan deel gehad het nie. Ouers is welkom om vanaf die tweede kwartaal ons saalbyeenkomste op 'n Vrydag by te woon. Ons deel graag ons kinders se prestasies en ander gebeure met u.

Die beplanning om alles gereed te kry vir die opening van ons eie nasorg op 5 April 2022, verloop goed. Die nasorgpersoneel is opgewonde om saam as 'n span te begin werk. Ouers wat reeds hul kinders ingeskryf het, ontvang vandag verdere inligting.

Op Donderdag, 17 Maart 2022 vind ons 4-jaarlikse strategiese beraad plaas. Deur strategies te beplan kan ons nuwe doelwitte vir ons skool stel waaraan almal kan saamwerk om vooruit te gaan. Dit is krities noodsaaklik dat ons die regte planne maak en ons sal na afloop van hierdie sessie aan alle ouers terugvoering gee.

## 2. GRAAD 4 – 7 MARKDAG: DINSDAG, 22 MAART 2022

Die Graad 4-7 Markdag vind plaas op Dinsdag 22 Maart 2022 waar die leerders die geleentheid gaan kry om hul entrepreneursvaardighede ten toon te stel. Daar gaan BAIE stalletjies wees en dit beloof om 'n opwindende ervaring te wees, veral omdat ons in 2019 laas 'n soortgelyke markdag gehad het. Alle leerders word aangemoedig om geld saam te bring skool toe om hierdie leerders te kom ondersteun asseblief. Deelnemers wat stalletjies gaan hê, word daaraan herinner om teen Vrydag 18 Maart hul A4-plakkate by Juf. Lutzia Burger in te handig sodat ons dit teen die aansteekborde kan opsit.

## 3. STAKING VAN BUITEMUURSE PROGRAM VIR KWARTAAL 1

Die buitemuurse program stop eerskomende Donderdag, 17 Maart 2022 vir gr. R- tot 7-leerders. Daar sal op Dinsdag, 22 Maart 2022 'n buitemuurse program vir die 2de kwartaal op die School Communicator gelaai word. Lees dit noukeurig deur, want dit gaan van die huidige een verskil. Hierdie program sal dan op Woensdag, 6 April 2022 in werking tree.

## 4. OUERBESOEKE: WOENSDAG, 23 MAART 2022

U afspraak sal op Vrydag, 18 Maart 2022, skriftelik met u bevestig word.

- 'n 10-minute breuk tussen elke afpraak word gelaat waar u meer as een opvoeder wil spreek.
- **LET WEL!** Hierdie ouerbesoek gaan gepaard met 'n kort skooldag soos op 'n Dinsdag – m.a.w. op Woensdag, 23 Maart 2022, sluit die skool om 13:00.
- Hierdie ouerbesoek fokus hoofsaaklik op 'n gesprek tussen ouer en klasopvoeder.



5. **<u>MIKRO MINI-REŰNIE:</u>** **<u>VRYDAG, 18 MAART 2022 om 18:30</u>**

Kom smee weer ou bande saam met jou vriende van die laerskool. Dis `n ideale geleentheid waar oud-Mikroleerders en gesinne weer kan herenig.

Daar sal geleentheid wees om heerlik te bring en braai, foto`s te neem en om sommer net weer deur die skool se gange te wandel, deur albums te blaai en wonderlike herinneringe te herroep. Alle oud-leerders wat tans in die hoërskool is, moet egter deur `n volwassene vergesel word.

Bring jou eie kampstoel/kombers, eetgerei en eet- en drinkgoed. Die snoepie sal braaipakke @ R40 (tjop, wors en sosatie) en pastaslaai @R20, ys, 2 ℓ-koeldranke en groot pakke tjips beskikbaar hê om te koop. (Kaartfasiliteite is beskikbaar.) Braaidromme en hout word voorsien.

ONS IS BAIE OPGEWONDE OM SAAM MET U TE KUIER EN IS NET SO OPGEWONDE OM SATERDAGOGGEND SAAM MET U DIE PRETLOOP MEE TE MAAK.

6. **<u>MIKRO LIFESTYLE CHALLENGE PRETLOOP</u>:** **<u>SATERDAG, 19 MAART 2022</u>**




Kom geniet `n heerlike pretloop/-draf saam met jou hele gesin op die pragtige Zevenwacht Landgoed. Fondse sal aangewend word om ons OWO-fonds te versterk sodat ons in staat is om na ons behoeftige leerders om te sien. Sien hierdie heerlike saamwees oggend as kwaliteittyd saam met jou gesin en beleef weer opnuut ons mooi omgewing.

L.C. Mouton
**SKOOLHOOF**

INTERNET PROUDLY SPONSORED BY:
coolideas
FIBRE INTERNET
VUMA

# OWO – KLEREKAS

Die OWO-klerekas sal op die volgende datums en tye beskikbaar wees vir die aankoop van TWEEDEHANDSE SKOOLKLERE.

Dinsdag, 5 April 2022 vanaf 17:00 – 19:00

Skenkings kan ook asseblief op hierdie datums afgegee word.

MAAK ASB. VAN DIEDRIKKIESTRAAT-INGANG GEBRUIK.

Vir enige navrae kontak gerus vir Malanie Otto 084 359 4007



MIKRO O.W.O OUERS WAT OMGEE

***Kontant Terug Persentasies***

| | |
|---|---|
| Caltex Vulstasie | 10c per liter k g |
| Kroonplaas Restaurant | 2% |
| Patriot Koffie | 5% |
| Caresso Karwas | 5% |
| OK Foods/Liquor | 1% |

**Tel: (021) 903 5101** : www.elto-towers.co.za




**Wiskunde ekstra klasse**

**Graad 3 – 7**

**Freda Brink: 064 751 9343**
Verreweide Straat 26,Kuilsrivier